**Skriflesing:** Eksodus 12:1-28
Johannes 1:29
Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!
1 Korintiërs 5:7b
Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus.

**Tema:** Die Paaslam red.

Eksodus 12 is nie net dramatiese historiese beriggewing nie, dit is 'n bloudruk van God in aksie. 'n Bloudruk van sy verlossingsplan van sy volk uit Egipte sonder dat hulle 'n vinger kon verroer om die plan in werking te stel. Vir baie jare is is hul slawe in Egipte en hul het geen manier en mag om hulself te bevry nie.
Dieselfde is waar vir ons. God hy sy verlossingsplan van ons eeue later deur die Here Jesus Christus, die Lam van God, vervul. Daar is 'n paar ooreenkomste en 'n baie belangrike verskil tussen Christus en die paaslammers van Eksodus 12. Ons begin met die ooreenkomste.

**Paasfees is God se nuwe begin met sy volk.**
**Jesus Christus is God se nuwe begin met ons.**

Soos Israel se bevryding tot 'n nuwe bestaan deur die bloed van die paaslammetjies bevestig is, so begin my en jou geestelike bestaan by die bloed van Christus.
Die geboorte, lyding, kruissterwe en opstanding van Christus is God se nuwe begin met ons.

Paulus skryf in Galasiërs 4:4 in die Ou Vertaling: "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur..." In die Nuwe Vertaling staan daar: "die tyd wat God daarvoor bepaal het."
Dit is waarom die jaartal as voor Christus (vC) en na Christus (nC) aangedui word.

Maar in elkeen v ons se lewens is ook 'n geestelike voor Christus en 'n na Christus. In plaas van omvan na Christus te praat, verkies ek om van in Christus te praat.
Voor Christus was ons in sondeslawerny vasgevang.
In Christus is ons deur Hom bevry tot 'n nuwe lewe van oorvloed.

**Die paaslam was sonder liggaamsgebrek.**
**Jesus Christus was sonder enige gebrek.**

Jesus het op die 10de van Jode se belangrikste maand, die maand waarin Paasfees gevier is, in Jerusalem ingegaan. Hy is daarná vir 'n paar dae deur die leiers ondervra en hulle het geen skuld in Hom gevind nie.
Die leiers het die moeilikste vrae aan Hom gestel. Niemand kon met Hom fout vind nie. Ons lees daarvan in Matteus 22:15-46.

In Lukas 23:4; 14 en 22 verklaar die heidense Pilatus teenoor die geestelike leiers en skare: "... ek vind geen skuld in hierdie Man nie."

In 1 Petrus 1:18-19 lees ons: “Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie.  Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.”

Jesus se sondeloosheid en volmaaktheid is baie belangrik, want slegs ‘n volmaakte sondelose offer kan ons sondevuil afwas.

As ‘n Lam sonder gebrek, het Jesus se bloed vir ons gevloei. Ons mag dit nooit as vanselfsprekend aanvaar nie.

**Die Paaslam se bloed bring redding en bevryding.**
**Deur Jesus se bloed word ons gered.**

Die bloed is aan die buitekant van die deurkosyne gesmeer as ‘n openbare geloofsverklaring van vertroue, gehoorsaamheid en oorgawe aan God. Dit is die eerste ding wat God vir die volk gevra het.

En dan gebeur dit waarvan ons in Eksodus 12:13 lees: “Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie.”

Dit is nie genoeg om te sê:
- ek ken die verhaal van Jesus nie.
- ek glo Hy het bestaan nie.
- ek gaan erediens toe nie.

Die bloed van Christus is ons as gelowiges se enigste beskerming teen die oordeel van God. Ons maak dit ons eie deur lewensoorgawe en geloofsvertroue.

Die belangrikste vraag is nie "Is jy 'n goeie mens?" nie, maar: "Is jy gewas deur (die bloed) van die Lam?" Is jou lewe voor Christus of in Christus?
Die antwoord is: Ja of nee, nie miskien nie. As jy nee antwoord of nog hieroor wonder, gaan gesels asseblief met ‘n gelowige vriend of geestelike leier.

Die oordeel mis nie die huis omdat die mense binne-in goed was, omdat die mense meer tempel toe gegaan het of ‘n groter dankoffer gegee het nie, maar omdat die bloed aan die deurkosyn gesmeer was.

Die volle hitte van God se oordeel het, in die plek van diegene op wie dit moes val, op die lammetjies geval. Die lammertjies sterf en die eersgeborenes leef.

Maar daar is ook een groot verskil tussen die offer van diere in die Ou Testament en die offer wat Christus as Paaslam gebring het.
Die offer van ‘n dier was nie voldoende nie. Dit kon nooit volkome van sonde vrymaak nie. Daarom moes dit gereeld herhaal word.

In Jesus Christus vind die eenmalig voldoende Goddelike offer plaas.

In 2 Korintiërs 8:9 staan daar : "Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word."
Jesus Christus, die volmaakte Lam van God word arm. Hy kry wat ons verdien. Hy sterf in ons plek.
En ons, as onvolmaakte mense, word ryk en ons kry die lewe wat Hy verdien.

En 'n laaste belangrik ding om raak te sien is dat God nie net Sy volk uit iets uitgelei het nie, Hy het hulle ook in iets ingelei. God bevry sy volk van slawerny na die oorvloed van die beloofde land.

Ons verlossing in die Here Jesus Christus is ook so tweeledig:
Ons is vrygemaak van dit wat ons verdien. Ons is vry van die sonde, dood en hel. Ongelukkig eindig ons gesprekke oor die Goeie Nuus dikwels hier, maar daar is meer.
Ons is vrygemaak tot die Goddelike geskenk van 'n nuwe lewende verhouding met Hom en met mekaar.

Die Lam van God se bloed red ons lewens. Sy bevrydingswerk was nie net ons lewens skoon nie, dit herstel ons verhouding met God en laat ons deel in die oorvloed van sy geestelike rykdom en onverdiende seëninge.
Dan begin nie net 'n 7 dag lange fees nie. Dit begin 'n lewenslange fees van nuwe lewe wat nou en hier reeds deur ons as sy kinders gevier, geleef en geniet word.
Amen